

HERLEWING IN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK — 'N HISTORIESE BLIK*

P B VAN DER WATT

ABSTRACT

Revivalism in the Dutch Reformed Church — an historic overview

In the course of the history of the Dutch Reformed Church the phenomenon of revivalism is by no means an isolated occurrence — on the contrary — revivalism of this nature was triggered by similar situations throughout the world. This situation was greatly the result of the aspirations of the faithful towards a special interaction with the Holy Spirit of God together with the persistent prayer of the devout.

On no occasion has revival in the church been intended as a substitute for the official work in the congregation; on the contrary revivalism may be viewed as the extraordinary phenomenon of the divine work of the almighty God to give a church which has become inert, new life. The fruits of this church-revival have become evident through a more dedicated and religious life.

1. Die verlanse na herlewing

1.1 Reeds gedurende die eerste helfte van die vorige eeu het daar by baie predikante van die Ned. Geref. Kerk die verlanse ontstaan na 'n vernuwing in die kerklik-godsdienstige lewe. Die indruk van versterkte godsdienstigheid by baie lidmate en 'n lusteloosheid in die kerklike bedrywig-hede kon nie anders as om ernstige leraars na die warmte van 'n deureleefde geloof te laat vra nie. Stemme teen die geestelike insinking en oppervlakkigheid was hoe langer hoe sterker gehoor en by name is die verwaarlosing van die persoonlike gebedslewe, die huisaltaar en ander godsdienstige aktiwiteite uitgewys én die gewoonte- en vormgodsdienste by baie lidmate gelaak.

Hierdie toestand is onder meer veroorsaak en bevorder deur die stroom van nuwe denkbearde, gewoontes en vermaaklikhede wat veral vanuit Engeland aangekom het. Hierdie dinge het 'n libertynse lewenswyse help bevorder en ongetwyfeld bygedra om die verontruste predikante na 'n dieper en voller belewens van die godsdienst te laat vra.

*Voordrag gelewer by geleentheid van die Teologiese Dag van die Universiteit van Pretoria op 3 Februarie 1987

1.2 Hoewel geensins uitsluitlik nie, was dit veral die Skotse predikante in die Kaapse Kerk, puriteins in hul lewensuitkyk en gevoelvol in die godsdienst, wat die behoefte aan 'n nuwe geestelike lewe benadruk het. In 1838 het ds. W Robertson van Clanwilliam die klag laat hoor dat baie lidmate "de ware ondervindelijke Godsdienst" nie besit nie. Die verlange na hierdie ervaringsgodsdienst was eintlik maar net die hunkering, so was dit gestel, dat die Heilige Gees in ruimer mate uitgestort moes word. In dieselfde jaar het die Ring van Graaff-Reinet by monde van ds. A Murray, verklaar dat hierdie "uitstorting" 'n herlewing in die godsdienst sou veroorsaak.

Ook Hollandssprekende predikante het met hierdie herlewingsverlange meegegaan én opvallend is die feit dat in baie gemeentes se **staat van godsdienstverslae** hierdie begeerte na herlewing telkens gehoor word. Byvoorbeeld: die gemeente Burgersdorp se kerkraadsverslae het gesprek van 'n verlange "om herleving en bloei" (1850) en "om eener toenemende zegen van Gods Heiligen Geest" (1854); ds. G W A van der Lingen het gepleit om meer aandag aan die saak van herlewing by die Ring van Kaapstad in 1859; en in dieselfde jaar het die kerkraad van Swellendam die ring versoek om 'n geleentheid vir die ringgemeentes ten einde "den Heere vurig en vertrouwend te smeeken, om ook over Zuid-Afrika van Zijnen Geest, uit te storten".

1.3 Vroeg in die vyftigerjare het in die Suid-Afrikaanse pers berigte verskyn van oorsese godsdienstige opwekkings en toe die magtige golf van herlewing oor Amerika gespoel en ook uitgebrei het na die Britse eilande, was dit geensins verbasend toe kerkleiers hier te lande dieselfde ook vir Suid-Afrika verlang het nie. Opmerklik is dit dat sowel die openbare as kerklike pers van destyds hierdie herlewings oorsee in 'n gunstige lig by die lesers bekendgestel het. Die redmiddel vir die geestelike toestand sou dus in opwekkinge gelê het en só is die gebeure wat in ander lande plaasvind gretig waargeneem!

2. Die voorbereiding vir herlewing

2.1 Opvallend is die groot nadruk wat predikante gelê het op die noodsaaklikheid van die gebedslewe ter voorbereiding van 'n herlewing vir Suid-Afrika. In artikels, preke en ringverslae is die verband tussen gebed en herlewing duidelik aangetoon. In dié gees en verlange het 'n aantal predikante in 1859 'n skriftelike oproep gerig aan die lidmate getiteld: "Opwekking tot het gebed om de uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika". Hierin is gewag gemaak van die verblydende berigte oor die gebeure in die buiteland — wat meer is, in dié lig het Suid-Afrika se

geestelike nood des te duideliker afgeteken gestaan in sy gebrek aan die volle werking van die Heilige Gees! *De Gereformeerde Kerkbode* het gedurende Juliemaand 1859 'n reeks inleidingsartikels gewy aan **gebed** en die tema "De Uitstorting des Heiligen Geestes" is gereeld aangesny. Tipies was die refrein: "Om die gaven des Heiligen Geestes, mijne waarde lezers, moeten wij ook vurig bidden ... Bid toch om den Heiligen Geest". Hierna het gevolg die oproep: "Wij wekken u ernstig op om geloovig en vurig alle week een uur het zij met anderen of in de eenzaamheid God te bidden dat Hij genadig ook ons en ons land den zegen der uitstorting van den Heiligen Geest geve ..."

Die uitdrukking "Bid om die uitstorting van die Heilige Gees" wat in die herlewingsbewegings so herhaaldelik voorkom, het spoedig ook 'n refrein in die Ned. Geref. Kerk geword. Predikante soos G W A van der Lingen, A Faure, J H Neethling, N J Hofmeyr, John en Andrew Murray en andere, het na vore getree in die openbare pers, binne gemeentelike verband en voor meerdere kerkvergaderings — as die kragtige propageerders van die noodsaaklikheid van 'n geestelike ontwaking. Maar wat 'n bedenklike en onskriftuurlike gedagte kom hier na vore by die gebruik van die woord "uitstort"! Het hulle inderdaad bedoel 'n **herhaling** van die Pinkstergebeure — nog 'n keer in die geskiedenis van die heilsopenbaring, of was dit maar net 'n bede om die versterking van die geloofslewe deur 'n kragtiger deurwerking van die Heilige Gees?

2.2 'n Belangrike skakel in die voorbereiding van die godsdienstige herlewing wat sou kom, was die talle Christelike (interkerklike) konferensies wat in daardie jare 'n bekende en belangrike verskynsel was. Hierdie konferensies staan in baie noue verband met **Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond** (later Evangeliese Alliansie) wat in 1842 gestig was en waaraan Nederduitse Gereformeerde, Skots-Presbiteriaanse, Independentistiese, Anglikaanse en Metodistiese leraars in groot getalle meegedoen het. So het die geestelike leiers van verskillende kerke met mekaar nader kennis gemaak, die Christelike gemeenskap beoefen en inspirasie daaruit geput. Die eerste van hierdie konferensies het onder groot belangstelling op 18 en 19 April 1860 te Worcester plaasgevind. Naas 'n verskeidenheid van sake was die vernaamste onderwerp in gebed en bespreking dan ook die noodsaaklikheid van 'n geestelike herlewing. Die meer as drie honderd afgevaardigdes, afkomstig uit alle dele van Suid-Afrika en ook van baie kerke, het geesdriftig huiswaarts gekeer, gesterk om met toenemende erns vir 'n geestelike ontwaking te bid — **en te wag!**

3. Die herlewing!

3.1 Montagu was die eerste dorp van waar berigte van 'n geestelike oplewing ontvang is. Mense het begin stroom na die bidure en erediens, nuwe bidkringe het ontstaan en byna daeliks is gehoor van die Heilige Gees wat met krag werk in baie harte en lewens. Die opwekking sou gaandeweg uitbrei en dit val op dat die beweging geensins tot die dorpe beperk gebly het nie, maar homself ook kragtig betoon het op baie en verafgeleë boereplase. Beaufort-Wes, Graaff-Reinet, Tulbagh en Calvinia is enkele van die plekke in die Kaapkolonie wat gedeel het in die ryke geestelike oes, terwyl ook berigte sover as Ladysmith, Bloemfontein en Hartbeesfontein melding maak van mense wat besiel was met nuwe gesindhede. Ook onder die nie-blanke bevolking het die Gees van God veranderinge gewerk. **De Wekker** het selfs berig: "De gehele zameleving is veranderd, ja letterlijk omgekeerd!" (Sept. 1860).

3.2 Die herlewing het egter in 'n aantal gemeentes met groter intensiteit plaasgevind sodat geweldige gemoedsaandoeninge aanskou is. So was daar byvoorbeeld in Worcester-gemeente buitensporige gebeure van mense wat byna die hele nag deur gebid het en by nog geleenthede hardop geweene en uitgeroep het. Ander het weer in floute neergeval. Baie predikante het hierdie vreemde tonele sterk afgekeur. Professor Hofmeyr het op 'n besoek aan ds. Andrew Murray "zijn beswaren tegen de bedenstonden" met sulke verskynsels sterk uitgespreek – en het in die tyd ook sy bekende *Gedachten en wenken ten behoeve van hen, die in de Bedestonden voorgaan* geskryf. Ook ds. Andrew Murray kon nie sy goedkeuring heg aan sulke tonele van gemoedsaandoening nie. In die verband moet genoem word dat Professor John Murray later, toe daar in die sewentigerjare weer berigte was van geestelike ontwakings, sy boeke oor die gebed en die biduur geskryf het: *Het Huisaltaar en de Binnekamer. Gebedenboek voor Christenen in Zuid-Afrika* (1875) en *Het Biduur. Toespraken ten Gebruike bij Bedestonden, met Eene Verhandeling over het Gebed* (1877). Hiermee het Murray hom midde in die stryd en gedagtewisseling om die liturgiese vormgewing van die vrye gebed in die persoonlike en kerklik-godsdienstige lewe begeef, by name binne die raamwerk van die kerklike erediens.

3.3 Baie gemeentes en ringvergaderings sou in die tyd met vreugde en dankbaarheid gewag maak van hierdie herlewings: groter belangstelling by bidure en erediens, die ernstige voorneme om na die wil van God te leef en besonder lewendige sending-entoesiasme. Daar was ook die gemeentes wat nie van hierdie ervaring kon getuig nie én

daarom met groter verlange gebed het om 'n dergelike seën. Tiperend het die Paarlse **staat van godsdien**s (1860) gëlui: "Er is helaas! nog niets te zien van de verschynselen der buitengewone werking des aanbiddelijken Pinkster Geestes".

3.4 Hierdie geestelike seëning sou egter nie altyd in hierdie gemeente uitbly nie. In Mei 1860 het daar besondere gebeure plaasgevind. Om die openbare gebed meer effektief te maak is daar in die gemeente verskeie bidgroepies georganiseer. By een van hierdie kleiner groepies het die gedagte ontstaan dat die onderskeie byeenkomste moes verenig vir gesamentlike gebed gedurende die tien dae vanaf Hemelvaartdag tot Pinkstersondag — in navolging van die eerste Jerusalemse gemeente, wat gedurende hierdie Christelike feesdae biddend op die belofte van die Heilige Gees gewag het!

Die versoek het algehele byval gevind sodat die lidmate in groot getalle by die byeenkomste van 9 tot 19 Mei mekaar verdring het. Namate Pinksterdag genader het, het daar by baie selfs die gevoel begin oplaai dat iets buitengewoons op die betrokke Sondag sou plaasvind — iets miskien soortgelyks aan die gebeure op die eerste Pinksterdag. Die bidure was intens beoefen en meer as een aand vol van emosie en aandoening — die geroep om genade was ernstig en aanhoudend!

Sondag 19 Mei 1861 is met 'n gebedsbyeenkoms begin. Later by die oggenddiens het ds. G W A van der Lingen ten aanhore van 'n groot skare die Woord op 'n besielende wyse bedien uit Luk. 24:49: "en ziet, Ik zende u de belofte des Vaders"; en met 'n smeekgebed om 'n vervulling van dié belofte is die diens beëindig.

Ná hierdie byeenkoms het ds. Van der Lingen alleen in die kerkgebou agtergebly. In diepe erns het hy die aangesig van die Here gesoek totdat 'n bidstond, wat vir die middag bepaal was, 'n aanvang sou neem. By hierdie geleentheid, terwyl hy voorgegaan het in gebed en besig was met belydenis van sonde, het hy in 'n soort verrukking van sinne geraak.

Die indrukke van hierdie gebeure was onvergeetlik. Dit was baie duidelik dat die Paarlse predikant in 'n geestesvervoering geraak het en watter verklaring ook al aan die ontstaan van die visioen gegee word¹⁾, was dit vir Van der Lingen self niks anders as 'n openbaring van die Here nie. Voortaan was sy lewe gekenmerk deur 'n dieper godsdienstige toewyding. Ook die gemeente het geestelik gebaat: nooit was die opkomste na die eredienste talryker nie, godsdienstige gesprekke was aan die orde van die dag, huisgodsdienste het opgelewe, terwyl die persoonlike lewe die Christelike deugde vertoon het. Die gemeente het besluit om elke jaar hierdie biduur-gebruik te herhaal — en dit was nie lank nie of die gewoonte het ook elders begin posvat en vandag word daar geen enkele

gemeente van die Ned. Geref. Kerk gevind waar Pinksterbidure nie gehou word nie. In *De Gereformeerde Kerkbode* van 1867 is vir die eerste keer bepaalde onderwerpe as 'n handleiding vir die bidure gepubliseer -- nog 'n gebruik wat sedertdien ook nagevolg word.

Met die Pinksterbidure is iets nuuts die kerklike lewe ingedra, maar tog nie iets vreemds nie. Dit het sy wortels in beide die Pinksterfees, by wyse van Skriftuurlike grond, én die herlewings in die middel van die negentiende eeu as geskiedkundige aanleiding. Wat laasgenoemde betref, was 'n onmisbare element daarvan die noodsaaklikheid van die gebed en met name dan ook die openbare gebed. Dit is van belang om te meld dat die openbare biduur hoe langer hoe meer deel van die lewenspatroon van die Ned. Geref. Kerk geword het.

4. Die gevolge van herlewing

4.1 In die herlewing en Pinkstergebeure het die kerkleiers die beskikking van God gesien. Op die sitting van die Kaapse Sinode van 1862 is die saak deeglik bespreek. Die seël is op die gebeure geplaas met die besluit dat die opwekking in baie gemeentes gesien moes word "als een heerlijk werk des Heiliges Geestes, tot redding van zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus".

4.2 Die Ned. Geref. Kerk was ook in hierdie jare gewikkel in 'n stryd teen die liberalisme, wat die kerk in sy gesag en belydenis aangeval het. Dat die opwekking in dié tyd plaasgevind het toe die liberale aanslag sterk was, was vir baie gelowiges nie sonder betekenis nie. Die herlewing het die aksent op 'n kragtige geestelike lewe laat val en die kerk het daarin 'n sterk wapen gesien om die ongeloof te bestry. Die Sinode van 1862 het dan ook verklaar: om die suiwere leer teen die verwoestende aanslag van die ongeloof te bewaar, is nodig "de banier van's Heeren Geest"; en dan word almal opgewek om te bid dat die Heilige Gees "uitgestort" mag word sodat die kerk gevrywaar kan word van die liberale gevaar. Watter bydrae die godsdienstige herlewing moes lewer om die aanslag van die godsdienstige liberalisme te stuit, is nie duidelik nie. Blykbaar was geoordeel dat 'n opwekking in die geloofslewe tot 'n groter waardering vir die geloofsleer sou kon lei. Aangesien die meeste van die voorstanders van die herlewingsbeweging egter tot die regsinnige rigting behoort het en die kardinale geloofswaarhede (deur die liberales geloën of betwyfel) tydens die opwekking ook met nuwe krag verkondig sou word, sou die herlewing wel 'n remmende effek op die liberale beweging hê.

4.3 Die jare 1860–62 was die hoogtepunt van die herlewing. Daarna

het die belangstelling en ywer geleidelik begin afneem. In ringverslae word gekla oor die verslapping en vervlakking in die godsdienstige lewe van baie lidmate, alhoewel die geseënde vrugte van die opwekkings in baie gevalle nog waarneembaar was — soos byvoorbeeld in die vorm van veranderde lewens en 'n groter sendingbewussyn.

Los van die Pinksterbidure, maar meesal tog in samehang daarmee, sou 'n verlange na herlewing weer telkens sterk opleef. Dit was die ondertoon van baie preke, geskrifte en konferensies — te Kaapstad, Graaff-Reinet, Murraysburg en ander plekke gedurende die laat sestiger- en daaropvolgende jare.

In 1874 was daar andermaal 'n merkwaardige geestelike herlewing in Amerika en Engeland waar manne soos D L Moody en I D Sankey as die voorgangers opgetree het. Berigte hiervan het in Suid-Afrika opnuut die verlange na 'n herlewing gestimuleer. Mettertyd was daar dan ook verslae van opwekkinge in Swellendam, Montagu, Kaapstad, Stellenbosch en so ver as Soutpansberg.

4.4 'n Ander verskynsel het homself nou tuisgemaak in die kerklike lewe: soos in die buiteland het ook die herlewingsliedere by die Ned. Geref. Kerk in gebruik gekom. Hierdie geestelike liedere, bekend as *De Kinderharp* het ongeveer 1863 in druk verskyn. Dit is 'n versameling liedere uit verskillende liederbundels — o.a. ook dié van Sankey²⁾ — en is deur ds. Charles Murray (Graaff-Reinet) versamel en vertaal. Alhoewel hierdie arbeid **sonder enige kerklike opdrag** gedoen is, is die bundel langsamerhand deur meer en meer gemeentes gebruik en by name in kinderdienste, Sondagskole en veral tydens Pinksterbidure.

4.5 Die besluit van die Kaapse Sinode in 1876 om 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking te benoem, het baie daartoe bygedra om die gedagte van herlewing in die Ned. Geref. Kerk brandend te hou. Hierdie kommissie het van die dienste van ds. Andrew Murray (Wellington) en dr. Servaas Hofmeyr van Montagu gebruik gemaak. Die doel van hul besondere arbeid was gesien as: "Men zondert een bepaalden tijd er voor af, om enkel de boodschap van bekering en geloof te prediken, en aan te dringen op die onmiddellijke aanneming van den Heeren Jezus als Zaligmaker". In hierdie bepaalde dienste is die bekering dus op die spits gedryf, terwyl "in de gewone diensten moet de leraar zijne prediking afwisselen".

Nie net Murray en Hofmeyr nie, maar ook ander predikante het mettertyd hierdie spesiale dienste gehou. Prof. N J Hofmeyr het in *De Christen* (26 Aug 1881) die wens uitgespreek dat die nodige fondse gevind mag word om elke jaar twee predikante na Transvaal te stuur "om

aldaar al rondreisende aan't volk het Evangelie te prediken. Zij zullen een kostelijke hulp zijn voor de Transvaalsche predikanten''.

En blykens verslae voor kerkvergaderings het daar groot seën op hierdie spesiale evangelieprediking gerus. Trouens, in die laaste jare van die vorige eeu, was daar dan ook sporadiese berigte van geestelike herlewings in baie gemeentes ten gevolge van hierdie dienste. Ook ná die Anglo-Boereoorlog is van soortgelyke godsdienstige gebeure verneem in gemeentes soos Potchefstroom, Langlaagte, Klerksdorp en Bethal. En met hierdie seën het spesiale dienste, konferensies en die persoonlike aandeel van spesiale predikers baie te make³⁾.

4.6 Die herlewing het beslis vir die kansel veel goeds meegebring. Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu het die prediking in gebreke gebly om die hoorders tot sekerheid van hul geloof te voer. **Nou** was daar 'n nuwe klank: nie alleen is veel nadruk gelê op geloofsekerheid nie, maar die leerstuk van die heiligmaking het groter aandag geniet. Hierdie klanke het ongetwyfeld 'n innige warme vroomheid gebring — 'n evangeliese inslag — en dit het 'n karaktertrek van die Ned. Geref. Kerk se prediking geword.

Tog was daar ook as gevolg van die herlewings ongetwyfeld onreëlmatighede te bespeur en tendense wat gevaarlik was en nadelig sou inwerk op die kerklike lewe: oppervlakkige gevoelsprediking het in sommige gevalle na vore gekom, die verbondsleer is verwaarloos terwyl baie van die godsdienstige byeenkomste nie meer eredienste was nie, maar "meetings" met as belangrike bestanddeel die kenmerkende opwekkingsliedere.

5. Die oordeel oor herlewing

5.1 Ernstige kritiek op die Ned. Geref. Kerk sou nie uitbly nie. Trouens, waar die kerk aan die een kant teen die ongeloof gewaak en teen die liberalisme gestry het, sou hy egter aan die ander kant daarvan beskuldig word dat hy die **Methodisme** ingang verleen het — vir sommige 'n groter vyand as die liberalisme.

Die plaaslike herlewings én sy onmisbare verband met soortgelyke verskynsels in die buiteland het onteenseglik metodistiese⁴⁾ invloed ver-raai. En waar die spesiale evangelieprediking uit die herlewings gegroei het, is dieselfde beswaar wat teen die opwekkings ingebring is, ook teen hierdie soort prediking gehoor.

Veral die metode wat by die byeenkomste gevolg is, soos byvoorbeeld die oormatige aksent op bekeringsprediking, die feit dat by die hoorders aangedring is op 'n onmiddellike bekering, en die druk op lid-

mate om tydens die dienste getuïenisse af te lê asof slegs diegene wat daartoe in staat is, ware bekeerdes is, het kritiek uitgelok. Die menslike aspek van die verlossingswerk was sodanig geaksentueer dat die goddelike sy daarvan verswyg is; en die heerlike waarhede soos die uitverkie-sing, die vrymagtige werking van die Heilige Gees en die volharding van die heiliges, is verbygegaan.

Talle lidmate, sowel as sommige predikante, se kritiek is verder gevoed deur die buitengewone verskynsels van opwinding en aandoening by baie van die godsdienstige byeenkomste, waardeur die gevoelselement in die godsdiens dominerend was. Veral by die *Sankey's Hymns* wat in die spesiale opwekkingsdienste 'n belangrike plek inge-neem het, was die wysies van so 'n aard dat die gevoel maklik aangegryp en opgewek is. Hierin was die spore van die Metodisme onuitwisbaar.

As gevolg van die feit dat die meerderheid van sy lidmate nog onder Britse gesag gestaan het, die getal Britte in Suid-Afrika ook toegeneem het en die verengelsingsbeleid doelbewus toegepas is, het dit beteken dat baie lidmate en predikante van die Ned. Geref. Kerk nouer skakeling met die Engelse kerklik-godsdienstige lewe sou beleef — en ook dikwels van daaruit beïnvloed is. Ons het verwys na die stigting van die Evangeliese Verbond in 1842. Die beweging het hom onder meer daadwerklik ten doel gestel om die opwekkings in oorsese lande hier bekend te stel en om lidmate doelbewus daarop voor te berei. En toe dit dan ook hier te lande plaasgevind het, was dit die Metodiste (Wesleyaanse) Kerk wat daarvan kennis geneem het en die Here gedank het "for the gracious revival of his work amongst the members of the Dutch Reformed Church". En dit was veral die Wesleyaanse Kerk wat op kerklik-godsdienstige gebied sterk invloed aan die Kaap uitgeoefen het — óók op baie lidmate van die Ned. Geref. Kerk met wie hulle dan ook altyd rekening gehou het in hul optrede, selfs in hul "special services" in die ope lug. Deur hul opwekkingsveldtogte — die jare 1830, 1836, 1849 en 1866 word as groot herlewingsjare aangemerkt — het hierdie Metodiste kerk groot invloed uitgeoefen sodat ongetwyfeld die spoor van Metodisme in die Ned. Geref. Kerk in beperkte mate ook verklaar moet word uit die kontak met die Wesleyaanse Kerk.

Hiermee word nie gesê dat die Ned. Geref. Kerk alles van die Metodisme oorgeneem het nie, maar die kerk sou tog dié voetspoor in 'n groot mate in sy spesiale prediking volg. Tog het die Metodisme die Ned. Geref. Kerk nie laat ontspoor nie; wat sy leer betref het die Kerk die toets glansryk deurstaan. Soos in alle kerke is daar natuurlik ook die skadukant: lidmate wat op 'n dwaalspoor gelei is — maar die Kerk sou steeds soos 'n troue moeder terugroep na die weë van waarheid en lewe. Die meer praktiese inslag wat die Ned. Geref. Kerk ten gevolge van sy kontak

met die Metodisme gekry het, moet as 'n bate erken word.

Hierdie beskuldigings van metodistiese invloede en verskynsels binne die Ned. Geref. Kerk het nie net by blote kritiek gebly nie, maar sou ook later dien as van die redes vir kerklike afskeidings wat die Ned. Geref. Kerk verduur het. Hier word gedink aan die ontstaan van die **Gereformeerde Kerk in 1859** en nog later die stigting van die **Gereformeerde Kerke onder die Kruis**.

5.2 In hierdie verband is 'n tersaaklike opmerking oor die rol van ds. Andrew Murray, jnr. nodig. Hy het 'n groot invloed deur prediking en geskrif oor 'n tydperk van meer as 'n halfeeu (1849—1917) op die Afrika-nervolk se geestelike lewe uitgeoefen. 'n Besondere aksent is op die gevoelsaspek in die godsdiens gelê en het só ooreenkoms met die Metodisme vertoon. Murray sou hom steeds tuisvind in die kringe of bewegings, wat ook op die gevoel in die godsdienstige lewe klem lê. En dit is hierdie feit wat Murray op die duur weggevoer het van Nederland na die Angel-Saksiese lande, Brittanje en Amerika, waar die gevoels-godsdiens onder die invloed van die Metodisme sterk vertoon het. Nie Nederland nie, maar Amerika en Engeland, sou vir die grootste deel van sy lewe die geestelike **Heimat** van ds. Murray wees. Dit was daarom dat opwekkings of "**revivals**" na die metodistiese voorbeeld vir hom so aantreklik was.

5.3 Hierdie soort dienste wat in die Ned. Geref. Kerk voorgekom het, het die gevaar ingehou van 'n oorbeklemtoning van die gevoel in die godsdienstige lewe van die enkeling. Trouens, in baie gevalle het dit seker plaasgevind. Nietemin moet in die herlewingsdienste die hand van God gesien word en het dit vir die Ned. Geref. Kerk veel goeds meegebring, soos die innige en vrome toon in die prediking wat kenmerkend is van die Ned. Geref. Kerk.

5.4 Die herlewing het voorgekom in 'n tyd van groot geestelike agteruitgang en dorheid. Herlewing is dus gesien as 'n buitengewone ingrype van God deur Sy Gees om 'n kerk wat in 'n mindere of meerdere mate in 'n slaap verval het weer wakker te skud. Aksente op die geloofslawe — bekering en heiligmaking — het voorop gestaan, terwyl 'n herfundering of herformulering van die belydenis nie aandag ontvang het nie.

Wel deeglik is egter ook besef dat "herlewing" nie bedoel is om die normale werking van die Gees opsy te skuif nie. En kerklike leidsliede het goed geweet dat alhoewel die woord "herlewing" nie in die Heilige Skrif voorkom nie, die saak van lewe oorvloedig aanwesig is.

5.5 Dan was daar 'n innige gebedslewe. Die gebed — en by name die openbare gebed — het 'n besondere rol in die kerklike lewe gespeel. Die verskillende Sinodes het dan ook in hulle *Wette en Bepalinge* bepaalde artikels oor die gereelde gemeentelike biduur gehad en op talle kerkvergaderings was die saak beklemtoon. Hieruit blyk dit dus wel dat die hou van bidure destyds al taamlik algemeen was.

Die beskuldiging dat die Ned. Geref. Kerk met bidure 'n metodistiese plant opgekweek en inheems probeer maak het, hou nie rekening met die historiese feite nie. Reeds aan die einde van die agtiende eeu, onder leiding van di. M C Vos en H L van Lier is 'n bid- en werkvereniging in Kaapstad gestig, wat ook 'n kerklike stempel gekry het. Die instelling van 'n maandelikse biduur deur die S.A. Sendinggenootskap in 1799, het onteenseglik gedien tot die bevordering van bidure. Vanuit Kaapstad het hierdie gebruik sy weg gevind na ander gemeentes totdat die maandelikse sendingbiduur 'n instelling in die Ned. Geref. Kerk geword het. Met die koms van die Skotse leraars het die saak 'n nuwe stoot gekry en orals waar hulle gestaan het, het dit 'n gemeentelike instelling geword. Opvalend is dit dat gevare wat die kerklidmate in die grensdistrikte beleef het, 'n sterk faktor was in die instelling van bidure. Ook die Sinode van 1847 het aanbeveel dat daar in elke gemeente maandeliks 'n biduur gehou word. Uit hierdie en talle ander voorbeelde blyk dat die gebruik van gemeenskaplike, openbare gebede lank voor die herlewings tydverspreid in praktyk gebring is. Rondom die herlewingsjare het die bidure 'n stroomversnelling ondervind en was dit nie alleen 'n belangrike faktor in die geestelike opwekking nie, maar het deur die herlewings self 'n nuwe groeikrag gekry waardeur meegehelp is om sowel die weeklikse biduur as die jaarlikse Pinksterbidure in die Ned. Geref. Kerk te bestendig.

NOTAS

1. "... en 'n sielkundige duiding is seker nie voldoende nie", merk dr. Kitshoff in sy boeiende biografie op (M C Kitshoff, *Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen, Kaapse predikant uit die negentiende eeu*, 161). Die skrywer toon ook aan dat Van der Lingen 'n besondere gevoelsmens was en dat hy ingestel was op geestelike ervarings; dié visioen was ook geensins 'n alleenstaande geval nie, want hierdie predikant het dikwels bonatuurlike gesigte gesien.
2. J D Sankey (1840—1909) het veral as sangleier uitgemunt en sedert 1870 saam met D L Moody (1837—1899) opgetree. Hy het groot skares by opwekkingsdienste met sy sang en eie komposisies bekoor.
3. Vgl. *Notulen, Synode N. H. of G. Kerk van Zuid-Afrika* 1906, 175—193.
4. Die **Metodisme** kom uit Engeland. Aan die begin van die 18de eeu het die Engelse staatskerk daar stagnant uitgesien. As reaksie teen dié geestelike insinking het die metodistiese beweging — die "herlewingsboodskap" van John Wesley (1703—1791) en George Whitefield (1714—1770) waarin die hart teenoor die ver-

stand, die gevoel teenoor die rede aan die woord kom — opgekom. Gedurende sy studietyd te Oxford het Wesley 'n vereniging van vrome studente gestig; en a.g.v. die metode van hul byeenkomste en geestelike arbeid is hulle weldra **Methodiste** genoem. Die vernaamste afwyking van die Metodisme, so ver dit die Gereformeerde beginsels raak, is: (1) verwerping van die uitverkiesingsleer; (2) die beklemtoning van onmiddellike bekerings — soos dit veral geskied by die spesiale dienste; en (3) 'n sterk emosionele element, versterk deur die sing van opwekkingsliedere en gevoelsprediking.